higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5

2 DESEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: JOERNALE EN BANKREKONSILIASIE

1.1 1.1.1

- Betalings of ontvangste wat in die plaas se boeke opgeteken is, maar nie op die bankstaat weerspieël word nie
- Betalings of ontvangste wat op die bankstaat opgeteken is maat nie in die onderneming se boeke nie
- Tjeks wat deur die bank geweier is
- Bankkoste wat nog nie in die onderneming se boeke opgeteken is nie (Enige 3 × 1) (3)

1.1.2

- Vergelyk transaksies in die kontantbetalingsjoernaal en kontantontvangstejoernaal met dié op die bankstaat .
- Teken transaksies wat slegs op die bankstaat voorkom, in sowel die kontantbetalingsjoernaal as kontantontvangstejoernaal op.
- Balanseer die bankrekening.
- Stel die bankrekonsiliasiestaat op. (4)

1.2 R57 000–R40 000 = R17 000 (2)

1.3 1.3.1

Kontantbetalingsjoernaal – Desember 2017

Dok. no	Dag	Details en Begunstigde	Fol	Bank	Boumateriaal	Produksie-voorraad	Diverse rekenings
Xv45	1	Cashbuild Boumateriaal		R25 000	✓R25 000		
225	7	Lone		R8 000			✓R8 000
226	8	Elektriese materiaal		R3 000	✓R3 000		
227	8	BuildIn: krediteur		R5 000			✓R5 000
228	9	Day Breeders: kuikens		R6 000		✓R6 000	
229	12	Onttrekkings		R3 000			✓R3 000
230	16	BuildIn: krediteur		R5 000			✓R5 000
231	17	Lone		R8 000			✓R8 000
232	18	Day Breeders: kuikens		R4 000		✓R4 000	
233	23	Water en elektrisiteit		R3 000			✓R3 000
234	23	Lone		R8 000			✓R8 000
				✓R78 000	**✓R28 000**	**✓R10 000**	**✓R88 000**

(16)

1.3.2

Krediteurejoernaal – Desember 2017						
Dok. no	**Dag**	**Krediteure**	**Fol**	**Totale Krediteure**	**Produksievoorraad**	**Diverse rekenings**
2332Q	1	Buildin – dakplate		R10 000		✓R10 000
H225	10	Day Breeders – voorraad		R10 000	✓R10 000	
H245	27	Day Breeders – voorraad		R4 000	✓R4 000	
				R24 000	**✓R14 000**	**✓R10 000**

(5)
[30]

VRAAG 2: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDRYRESULTATE

2.1
- Ontledings van plaasbalansstaat
- Inkomstestaaontledings
- Plaasbalansstaat/Inkomstestaatontledings
- Boerderygrootte-ontledings
- Doeltreffendheidsontledings
- Takontledings (6)

2.2 Vergelykende evaluering is waar verhoudings of ander prestasiekriteria ✓ wat deur 'n boerderyonderneming bereken is, vergelyk word ✓ met voorafbepaalde norme soos begrote mikpunte en eksterne norme.✓ (3)

2.3
- Tipe boerderyonderneming
- Aard van die bates
- Aard van die krediteure
- Aard en toestand van bedryfsbates
- Korrektheid van waardes in die balansstaat (5)

2.4
2.4.1 Onwaar
2.4.2 Waar
2.4.3 Onwaar
2.4.4 Onwaar
2.4.5 Waar
2.4.6 Waar

(6 × 1) (6)

2.5

Ontleding van samestelling van die BPW		
	BPW	**% van BPW**
Gewasproduksie	✓R215 000	59,7%✓
Diereproduksie	✓R145 000	40,3%✓
Totaal	✓R360 000	

(5)

2.6 2.6.1 PMA koste per R100 BPW:

$$\frac{\text{PMA koste}}{\text{BPW}} \times R100\checkmark$$

$$= \frac{R122\,000\checkmark}{R360\,000\checkmark} \times R100$$

= R33.89 per R100 BPW✓✓ (5)

2.6.2 NBI per R100 BPW:

$$\frac{\text{NBI}}{\text{BPW}} \times R100\checkmark$$

$$= \frac{R238\,000}{R360\,000\checkmark} \times R100\checkmark$$

= R66,11 NBI per R100 BPW✓ (4)

2.6.3 R33,89 per R100 BPW beteken dat, vir elke R100 se BPW wat ontvang word, R38,89 gebruik word om vir PMA-koste te betaal.✓

R66,11 NBI per R100 BPW beteken dat, vir elke R100 of BPW wat ontvang word, R66.11 as NBI oor is nadat vir PMA-koste betaal is.✓ (2)

Kopiereg voorbehou

2.7 2.7.1 Die bedryfsverhouding vir Junie 2017:

Bedryfsbates✓
Bedryfslaste

= R35 000✓
R28 000✓

= 1.25: 1✓ (4)

2.7.2 Die netto kapitaalverhouding vir 2017:

Boerderybates✓
Boerderyskuld

= R585 000✓
R248 000✓

= 2.36: 1✓ (4)

2.7.3 Die skuldverhouding vir 2017:

Boerderyskuld × 100✓
Boerderybates

= R248 000✓
R585 000

=42,39%✓ (4)

2.7.4 Dit is nie nodig ✓ om sowel die skuldverhouding as die netto kapitaalverhouding te bereken nie, omdat albei verhoudings dieselfde solvensieposisie oplewer.✓ (2)
[50]

VRAAG 3: AANVULLENDE BEGROTINGS

3.1 3.1.1 D
3.1.2 B
3.1.3 C
3.1.4 A
3.1.5 C

(5 × 2) (10)

3.2 3.2.1 Projek A terugbetalingstydperk:

= 3 jaar ✓ + $\frac{\text{R10 000}}{\text{R50 000}}$ ✓

= 3,2 jaar✓

Projek B terugbetalingstydperk:

=2 jaar ✓ + $\frac{\text{R35 000}}{\text{R40 000}}$ ✓

=2,88 jaar✓ (6)

3.2.2 Projek B✓ is die beste, omdat dit die kortste terugbetalingstydperk het, naamlik 2,88 jaar✓ (2)

3.2.3
- Terugbetalingstydperk ignoreer die tydwaarde van geld.
- Terugbetalingstydperk neem nie die ekonomiese lewensduur van die projek in aanmerking nie.
- Dit is slegs 'n maatstaf van likiditeit eerder as winsgewendheid.

(Enige 2 × 1) (2)

3.3
- Uitbreiding of inkrimping van 'n bepaalde tak
- Byvoeging van 'n nuwe produksietak
- Vervanging van 'n bestaande tak
- Vervanging van mannekrag deur toerusting
- Relatiewe winsgewendheid van besit van toerusting vergeleke met kontrakbruikhuur
- Relatiewe winsgewendheid van aankoop van nuwe vergeleke met gebruikte toerusting (6)

Kopiereg voorbehou

3.4 **GELYKBREEKBEGROTING**

Jaarlikse vaste koste:
Versekering = R8 000✓
Rentekoste = R15 000✓
Depresiasiekoste = R20 000✓

Totale vaste koste = R43 000

Veranderlike koste per hektaar = (R120 + R200) = R320✓

Kontrakteurskoste per hektaar = R500

Gelykbreekpunt: $X = \frac{\text{Vaste koste}}{\text{Prys – veranderlike koste}}$ ✓

$= \frac{(43\,000)}{(R500 - R320)}$✓

= 239 hektaar✓ (8)

3.5 3.5.1 Parametriese ontleding van die marge bó gespesifiseerde koste is wanneer 'n boerderyonderneming die uitwerking van die veranderende✓ produkpryse en produksiehoeveelhede wat tot 'n verandering in die marge bó gespesifiseerde koste kan lei, oorweeg.✓

3.5.2 Maandelikse transaksievloei verskaf inligting oor wanneer 'n transaksie ✓ sal plaasvind op 'n maandelikse basis deur die loop van die jaar.✓

3.5.3 Kalender van aktiwiteite word deur 'n boer gebruik om 'n beramings te doen van sy hulpbronne ✓ wat hy gedurende die jaar sal moet gebruik, en spesifiseer in watter maande hulle benodig gaan word.✓

(3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 4: KAPITAALVEREISTES, -VORMS EN -BRONNE

4.1
- Veranderlike klimaatstoestande
- Onelastiese vraag na landbouprodukte
- Probleme vir landbouproduksie om by veranderings in vraag aan te pas
- Strukturele veranderings wat baie tyd benodig
- Grond is die belangrikste kapitaalbate.
- Roerende bates en landbouprodukte is nie-duursaam.
- Seisoenale aard van produksie
- Verskeie klein produksie-eenhede
- Strukturele tekortkomings in landbou (9)

4.2
- Die grootte van die boerderyonderneming bepaal die omvang van die kapitaal wat vereis word.✓ 'n Groter boerderyonderneming met baie produksietakke vereis meer kapitaal✓tas 'n klein een, of een met net enkele produksietakke. ✓
- Moderne produksietegnieke vereis meer kapitaal as eenvoudige en minder gevorderde produksietegnieke.✓✓ Dit is meestal duidelik met die gevorderde toerusting wat met nuwe tegnologie gepaardgaan✓ (2 × 3) (6)

4.3
4.3.1 D
4.3.2 B
4.3.3 A
4.3.4 C
4.3.5 E

(5 × 2) (10)

4.4
- Handelskrediet is baie duur, in so 'n mate dat dit goedkoper is om geld elders te leen en kontant vir aankope te betaal.
- Deur te veel skuld aan te gaan, kan die boer uiteindelik sy bedingingsmag in gevaar stel. (4)

4.5
- Konstruksie van vaste vrebeterings
- Aankoop van vee en toerusting
- Aflossing van bestaande verbandlenings en skuld
- Aankoop van grond
- Vestiging van boerderyondernemings
- Betaling van uitgawes met betrekking tot onderverdeling van grond (5)

4.6 Angtermynkapitaal is kapitaal wat deur 'n bank of ander instelling aan 'n boer geleen kan word vir 'n tydperk van tien jaar✓✓ of langer, terwyl korttermynkapitaal deur 'n bank of ander instelling vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar aan 'n boer geleen word.✓✓ (4)

4.7 Gebruike van langtermynlenings
- Aankoop van grond ✓
- Oprigting van geboue ✓

Gebruike van langtermynlenings
- Aankoop van produksieverbruiksvoorraad ✓
- Betaling van lone✓ (4)

4.8
- Lewensvatbare boerdery-eenhede
- Gespesialiseerde boerderyondernemings
- Aankoop van grond
- Aflossing van verbandlenings
- Konsolidasie van diverse skuld
- Verbeterings
- Vee en implemente
- Bedryfskapitaal
- Finansiering van voltydse boere met belange en beleggings buite die landbousektor
- Groot boerderyondernemings (Enige 8 × 1) (8)

[50]

VRAAG 5: DIE FINANSIERINGSBELEID VAN 'N BOERDERYONDERNEMING

5.1 Die onderneming moet sy vermoë om sy skuld betyds terug te betaal✓ en ander uitgawes aan te gaan, selfs in arm jare, handhaaf.✓ (4)

5.2
- Dit loop nie enige rente op nie.
- Dit hoef nie terugbetaal te word nie.
- Dit kan slegs deur verliese verlaag word en sal styg indien die onderneming 'n wins maak.
- Dit voorsien krediteure van 'n waarborg teen moontlike verliese. (4)

5.3 Voldoende eie kapitaal = waarde van bates – maksimum bekostigbare leningsbedrag ✓
= R350 000✓ – R120 000✓
= R230 000✓ (4)

5.4 5.4.1 Stem saam✓

Dit is die mees ideale ding om te doen, omdat die leningstydperk aangepas moet word by die tyd wat dit neem vir die bate om te reproduseer, of die kapitaal wat daarin geïnvesteer is te betaal.✓✓

OF
Verskil✓

Dit sal afhang van die finansieringsbeleid en -benadering wat die boerderyonderneming volg; byvoorbeeld, die aggressiewe benadering spandeer meer korttermynfondse aan langtermynbehoeftes.✓✓ (3)

5.4.2 Langtermynlenings:
Oprigting van plaasgeboue✓
Aflossing van ander lenings✓

Mediumtermynlenings:
Aankoop van boerderytoerusting en -implemente✓
Aankoop van vee✓

Korttermynlenings:
Aankoop van produksieverbruiksvoorraad✓
Betaling van bankoortrekking✓ (6)

5.5
- Produksiebegroting
- Hoofbegroting
- Finansieringsbegroting (3)

5.6
- Is die onderneming groot genoeg om bevredigende produksie te lewer?
- Lae produksie per eenheid
- Lare produsentepryse per eenheid
- Buitensporige produksiekoste
- Buitensporige lewensuitgawes (Enige 3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou